

## Personeelkamer Opening

61. Kan iets goed uit iets sleg kom?

**Geskryf deur: Benescke Janse van Rensburg**

Vroeër die week staan ek saam met 'n groep ander nuuskierige ouers en loer deur die draad na die swembad. Ons mag eintlik nog nie sportgeleenthede bywoon nie, maar nie een van ons wil ons Graad 1's se eerste gala misloop nie.

Hiér het ek haar gesien - een van die ma's wie ek lank terug gesien het. Oor 'n afstand was haar energie en lewenslus tasbaar. Toe ons mekaar groet komplimenteer ek haar op haar mooi groot hoed en helderkleurige oorbelle wat daaronder uitsteek. Sy glimlag en lig dit met die woorde: "Jy weet seker." Geskok staar ek na haar kaal kop. Ek het nie geweet nie. Kanker. Chemo. Meteens moes ek veg teen die knop in my keel. Sy is 'n mamma van drie klein kindertjies - een so oud soos myne!

"Dit lyk of dit ok gaan," sê ek omdat ek eintlik nie weet wat om te sê nie. Sy glimlag braaf, maar in my hart wonder ek hoeveel tranes en pyn eintlik agter haar glimlag skuil. "Vir die eerste keer verstaan ek die krag van gebed," sê sy. Ek knik. "Jy weet," gaan sy voort, "as introvert het ek altyd gesukkel met die gedagte dat ek moet uitgaan om die evangelieboodskap te gaan verkondig. Nóú, met my siekte, het ek vreemd elke dag 'n geleentheid om dit te doen."

Ek kyk na haar en ek sien dit: vrede, "contentment" in die storm, berusting dat, al ken sy nie haar môre nie, sy die Een ken wat môre bepaal en Hy dra haar.

In Jesaja 55:8-9 sê God: "My gedagtes is nie julle gedagtes nie, en julle optrede nie soos Myne nie. . . soos die hemel hoër is as die aarde, so is my optrede verhewe bo julle optrede en my gedagtes bo julle gedagtes." God sien wat ons nie sien nie. Juis hierom kan ons in geloof weet dat Hy alles ten goede laat meewerk vir dié wat Hom liefhet (Rom. 8:28).

Was dit God wat haar siek gemaak het? Verseker nie. Ons leef in 'n gebroke wêreld. Kan Hy iets goed uit hierdie sleg na vore bring? Solank ons Hom vertrou en naby Hom bly doen Hy altyd.

Hierdie pratige stukkie is deur Benescke Janse van Rensburg geskryf. Volg gerus die skakel na haar Facebook groep: Stories van Hoop <https://www.facebook.com/storiesvanhoop>, waar jy nog baie inspirerende stories van Hoop sal vind.